Stellenbosch Wynfees 1-5 Julie

EEN van die Kaap se oudste kos-en-wynfeeste, die Stellenbosch Wynfees, skop vandag vir die 9de keer af met 'n opwindende nuwe baadjie.

Dit word 'n hele maand vroeër gehou om sokkerliefhebbers ook die kans te gun om gesogte kelders in die wynland te besoek. Besoekers kan van 1-5 Julie die Wynland in al sy glorie ervaar deur gebruik te maak van pendelbussies wat tussen die betrokke plase sal rondrits tydens die fees.

Die deelnemende plase bied besoekers besonderse wynproeë en allerhande opwindende aktiwiteite, insluitende die geleentheid om skouer te skuur met wynmakers. Meer as 140 wynplase in Stellenbosch neem deel en daar is verskeie parkeer-en-ry-punte.

Met so baie om van te kies en keur, wat wynervarings, vermaak, deelnemende restaurante en selfs eksklusiewe ontmoetings met wynmakers insluit, is die Stellenbosch Wynfees 'n moét, so bespreek jou feestoegangskaartjie nou!

Raino Bolz, Christa Naude en Andrew Chigorimbo geniet 'n uitstappie na een van Stellenbosch se wynplase. FOTO: VERSKAF

Kaartjies vir die Stellenbosch Wynfees is beskikbaar teen R150 per persoon per dag of R500 vir die gouetoegangskaartjie wat al vyf dae van die fees dek. Die kaartjie sluit 'n proeglas van Consol, 'n program en 5 koepons wat op feesaanbiedinge gespandeer kan word, so wel as vervoer tussen plase, in.

Kinders onder die ouderdom van 18 jaar kan gratis die fees geniet. Kaartjies sal verkoop word by alle stop-en-ry punte, die Doornbosch-inligtingsentrum of aanlyn by Computicket of www.wineroute.co.za.